e-Hervormer

Weeklikse nuusbrief met kommunikasie en kommentaar

13 Junie 2013
Jaargang 6 – Uitgawe 18

In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Agterblad

Teken in op die *e-Hervormer* en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Stuur 'n e-pos aan **karen@nhk.co.za**

Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan **produksie@nhk.co.za**

VOORBLAD

Ons bou saam met die Here

As die Here nie 'n huis bou nie, dan help dit nie dat die bouers hard werk om die huis te bou nie (Psalm 127: 1, *Bybel vir almal*)

Hierdie was die gedeelte waarmee ek die 6de ADV afgesluit het. My verstaan van die teks is soos volg: Die Here is besig om die huis te bou, dit is nie te betwyfel of te bevraagteken nie. Ons het geen inspraak in hierdie huis se ontwerp, styl, atmosfeer, toeganklikheid en uitleg nie. Vooraansig, boaansig, syaansig, al die detailplanne was al by die skepping klaar geteken en goedgekeur.

God bou sy huis onvoorwaardelik, onbeperk. God is almagtig, Hy het nie ons hulp nodig nie. In sy genade en liefde gebruik Hy ons om die huis te bou, gee Hy vir ons eienaarskap van die huis.

God skenk aan ons elkeen 'n ambag. Mense om fondamente te grawe, mense om beton te meng, mense met kennis van baksteenvorming. Messelaars om bakstene met dagha op mekaar te heg. Mense met 'n liefde vir houtwerk. Elektrisiëns om die huis te verlig. Loodgieters wat sorg vir vars lopende water. Elkeen van ons het 'n gawe gekry om God se huis te bou. Ons is die instrumente in sy hand.

Die mens se natuur van magsbeheptheid en selfgesentreerdheid laat hom in opstand kom teen die bou van die huis. Hoekom die bakstene, waarom die vensters, die kamer is te klein, die verf se kleur is aaklig. My hande kry blase van die beton meng, ek slaan my vingers raak met die krom hamer. Ek het nie 'n reënjas nie, my oorpak is stukkend, my skoene verniel van al die sement.

Dan kom die laaste vraag: Waar is die planne, wie was die argitek, die ingenieur, die binnenshuisontwerper? Weet húlle wat hulle doen? Die hele projek is onprakties, dis te duur, dit is nie my styl nie. Ek mors my tyd hier!

Ons wil nie meer die instrumente wees wat die huis bou nie. Ons wil in beheer wees, ons kom in opstand teen God.

Waar staan jy as dienswerker, as lidmaat? Is jy bereid om met stukkende skoene in nat sement te staan? Is jy bereid om sonder reënjas in die reën te werk? Gebruik jy die gereedskap tot jou beskikking?

God se huis is ingerig vir almal, kamers vir gestremde persone, met spesiale toerusting, gerieflike kamers vir bejaardes, veilige kamers vir getraumatiseerdes, kamers met baie sonskyn vir kinders wat koud kry. Daar is vir ons elkeen 'n kamer. Jesus sê dit in Johannes 14: 2: *Daar is baie plek om te woon in my Vader se huis*.

Vertrou jy die Argitek onvoorwaardelik om slegs op sy bevel te bou sonder dat jy weet hoe die planne lyk? Kyk jy verby die bloedblase op jou hande na die wonderwerk wat God besig is om met jou hande te bou?

Dit laat ons as afgevaardigdes van die 6de ADV met één vraag en één opdrag: Is jou menslike wil en ideologie die unie en staking wat God se bouwerk lamlê? Gaan doen dan volgens die woorde van Johannes 9: 4: *Hy wil hê ons moet vir die mense wys wat Hy kan doen terwyl dit nog dag is.* As ons dit nie doen nie, was al die harde bouwerk van die 6de ADV verniet.

Diak Andries Pretorius
Voorsitter: Kommissie van die ADV

Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk **www.nhka.org**
Die Hervormer **www.hervormer.co.za**
e-Hervormer **www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html**

Indien u nie weer die *e-Hervormer* wil ontvang nie, kliek op **www.hervormer.co.za/cancel.html**

BEROEPE EN STANDPLASE

Kontak die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by **ernest.vaneck@up.ac.za** om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by **www.nhka.org** te plaas. Onthou asseblief dat 'n standplaas eers vakant verklaar moet wees voordat dit geadverteer mag word. Kontak dr Frikkie Labuschagne by 012 322 8885 x256 in dié verband.

Beroep aanvaar

- **Ds Willem Slabbert** (emeritus) na Grootvlei (benoeming)
- **Ds Monja-Lize van Belkum** van El-Flora (benoeming) na El-Flora
- **Ds Marna van der Westhuizen** van Ogies na Oos-Moot (benoeming)

Vakante standplaas

- **Gemeente Saffierkus in Amanzimtoti** beplan om eersdaags te beroep/benoem en wag aansoeke in van predikante **(emeriti ingesluit)** wat nie voltyds 'n ander beroep beoefen nie en wat **permanent of vir 'n korter periode** in **deeltydse/ deelsorghoedanigheid** of as **pastorale sorg** in die gemeente kan werk. Profiel van gemeente: 130 belydende lidmate, die helfte ouer as 55. Diensbeskrywing: Gewone werk van 'n voltydse predikant met besondere klem op prediking, pastoraat en opbou van die gemeente. Vergoeding: Alles insluitend R14 000 per maand. Samestelling van pakket onderhandelbaar. Die kerkraad behou die reg voor om enige of geen van die aansoeke te aanvaar. Navrae kan gerig word aan Celia Biggs by 031 903 7970 / 082 410 5444, Frans Hamilton by 082 565 8293, of prof Bieks Beukes by 072 036 4960. Stuur CV's na **cbiggs@telkomsa.net**. **Aansoeke sluit op 31 Julie 2013.**

Bydraes vir moontlike plasing in die *e-Hervormer* moet asseblief teen Dinsdaemiddae 16:00 OP DIE LAATSTE na **produksie@nhk.co.za** gestuur word.

PREDIKANTE EN GEMEENTES

Stuur asseblief berigte oor lief en leed en gemeentegebeure na **produksie@nhk.co.za**. Die redaksie doen alles in hul vermoë om inligting korrek weer te gee, maar maak vanselfsprekend staat op die integriteit van die besonderhede soos verskaf.

Prof Jimmie Loader

Prop Gerhardt en mev Theresa Venter

- **Prof Jimmie Loader** is onlangs vir 'n noodoperasie in 'n hospitaal in Oostenryk opgeneem. Ons vertrou dat hy volkome sal herstel en wens hom en sy vrou, Rina, baie sterkte toe.

- **Ds Tharina Steenkamp (beroepafwagtend)** se seun, Johan Jacob, is op 5 Mei gebore. Hartlik geluk aan Tharina en Jaap.

- **Prop Gerhardt Venter**, voormalige predikant van die Afrikaanse Protestantse Kerk, is op 6 Junie deur die Kommissie van die AKV as predikant van die Nederduitsch Hervormde Kerk toegelaat en gelegitimeer. Dit volg nadat sy aansoek om toelating deur die Proponentseksamenkommissie gehanteer is en hy ook suksesvol 'n leesprogram by die Fakulteit Teologie aan UP deurloop het. Prop Venter word dus nou in die Kerk beroepbaar gestel. Hy en sy vrou, Theresa, woon tans in Richardsbaai.

- **Ds Kalla Fourie** van Gemeente Krugersdorp-Noord emeriteer op 31 Desember 2013.

- **Ds Piet van Wyk** emeriteer op 31 Julie 2013. Die aansoek van **Gemeente Sonlandpark** om ds Van Wyk vir 'n periode van 12 maande na sy aftrede te gebruik as pastorale hulp, is goedgekeur.

- **Gemeente Grootvlei** se versoek om hul standplaas met volle versorging te wysig na deeltydse bediening is goedgekeur.

- **Gemeente Pierneef** se aansoek om die skep van ’n standplaas met deeltydse bediening is goedgekeur.

- Die Kommissie van die AKV neem kennis dat **Gemeente Oranjemund** in terme van Ordinansie 4.8 **ontbind** en hul standplaas opgehef het.

- **AGB-wenk:** Namate mense ouer word, vra hulle al hoe meer vrae oor hul eie verhouding met God en sy Woord. Ouer lidmate, soos al die ander, het die kerk (gemeenskap van gelowiges) se geestelike ondersteuning baie nodig. Gemeentes moet onverpoos aandag gee aan hul besondere behoefte aan die bediening van die evangelie. Moenie maar net aanvaar dat hulle geen geloofsvrae het nie of geen rol in die gemeente meer te speel het nie. Vir meer inligting, kontak die ADV se Werkgroep vir Bejaardes (die AGB) by 082 786 8448.

- Die Kommissie van die AKV gee toestemming dat die huidige voltydse standplaas van **Gemeente Wonderboompoort** vir ’n verdere ses maande nie gevul word nie. Die **vier benoemings**, di David du Plessis, Corné Lemmens, Giel Malan en prop Antionette Janse van Rensburg, word hernu tot 31 Oktober 2013.

- Die Kommissie van die AKV verleen aan **Gemeente Montana** drie maande uitstel om die tweede voltydse standplaas te vul.

- Die Kommissie van die AKV gee aan die **NHSV-hoofbestuur** toestemming om in oorleg met die Kommissie van die ADV die **deurkollekte van die tweede Sondag in Februarie 2014** te gebruik vir die aanvulling van die NHSV Beurs- en Leningfonds.

- **ADV se Jaar vir Gestremdheid: Respekteer en akkommodeer.** Wanneer jy met Dowe mense gesels, maak seker die lig is voor jou en nie agter jou nie. As die lig/son agter jou is, verblind dit die Dowe en kan hy/sy nie jou gesigsuitdrukkings en lippe lees nie (Ds Jan-Harm Barkhuizen).

- **Mnr Johann Mouton**, voormalige predikant van Koster, is in November 2012 kragtens Ordinansie 2.1.12.5(i) **van sy ampsvoorreg onthef**. Hy het hom na die Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA; Engels *CCMA*) gewend. Na afloop van die bemiddeling by die KVBA het mnr Mouton weer eise aan die Kommissie van die AKV gestel. Die Kommissie het mnr Mouton toe genooi vir ’n broederlike gesprek met die Moderamen op 10 Mei 2013. By hierdie geleentheid was mnr Mouton nie bereid tot broederlike gesprek sonder die teenwoordigheid van ’n regsverteenwoordiger nie, wat ’n broederlike gesprek sonder benadeling van regte onmoontlik gemaak het. Mnr Mouton het die saak toe weer by die KVBA aanhangig gemaak, maar nie op die geskeduleerde datum (6 Junie 2013) by die KVBA opgedaag nie. Dit het daartoe gelei dat die Kommissaris van die KVBA die saak afgewys het.

- **Ds Gawie Wolmarans** (Oostelike Pietersburg) en **ds Flip Snyders** (Noordelike Pietersburg) het as predikante van die Kerk bedank, en hul bedankings is deur die Kommissie van die AKV bekragtig. Die twee **gemeentes is dus nou vakant** en behoort kragtens Ordinansie 2.1.3 binne die volgende maand onder leiding van hul onderskeie konsulente te beroep.

- Die verenigings wat nou geregistreer is as die eienaars van gemeentes **Theresapark, Pretoria-Tuine en Grootvlei** se eiendom, het die Kerk in Julie 2012 gedagvaar en vir die hof gevra om te bevestig dat die drie gemeentes regmatig weggebreek het; dat die gemeentes nog bly voortbestaan, maar nou nie onderhewig is aan die Kerkorde nie; dat die gemeentes geldige besluite geneem het om die eiendom te vervreem; dat die eiendomme regmatig aan die verenigings oorgedra is; dat die bepalings oor eiendomsreg in die Kerkorde wat raadpleging vra, ongrondwetlik is; dat die lidmate wat weggebreek het nog lidmate van die

NHKA is en die wegbreekgemeentes nog gemeentes van die NHKA, maar nie aan die Kerkorde gehoor hoef te gee nie; en dat die Kerk nie enige geld van enige gemeente mag eis nie. Die Kerk het gesê dat die dagvaarding gebrekkig is in die sin dat die verenigings nie die saak teen die Kerk kan maak nie. Die saak sou gedurende April 2013 deur die hof aangehoor word. Nadat die verenigings se advokaat op die nippertjie gesê het dat hy nie vir die saak beskikbaar is nie, is die saak nou vir **5 Augustus 2013** op die Hoë Hof in Pretoria se rol geplaas.

- **Gemeente Tzaneen: Vakature.** Aansoeke word ingewag vir die pos van **Administratiewe Beampte** vir die gemeente. Die **sluitingsdatum** vir aansoeke is **15 Junie 2013**. Kontak Barrie Williams by 082 871 9279.

- Neem asseblief kennis dat **ds Thomas Dreyer van Durban** se **telefoonnommer** tuis verander het. Die nommer is nou 031 266 3925.

- **Gemeente Wonderboompoort** is vanjaar **60 jaar oud**. Daar word reeds gewerk aan 'n gedenkblad. Oudlidmate en oudpredikante word vriendelik gevra om groetewense, staaltjies en herinneringe, en indien moontlik ook foto's, aan die gemeente te stuur. Die **dank-/gedenkfees** met die tema *Sixties* vind op **25, 26 en 27 Oktober** op die kerkterrein in Eloffsdal, Pretoria, plaas. Daar is 'n baardgroeikompetisie – pryse te wen vir die langste en mooiste baard! Dames kan deelneem aan 'n modeparade met toeka se klere. Kontak skriba Sieg Schwarzer by 012 335 4181 vir meer inligting. Stuur gedenkbladbydraes aan ds Carel-Johann de Bruin by **cjdb@telkomsa.net**.

- **Toer die Droom 2013: Gemeente Philadelphia**
  Ter ondersteuning van minderbevoorregtes in en om Pretoria
  29 Junie tot 13 Julie uit Pretoria na Laeveld en terug
  Beoog om vanjaar R500 000 in te samel
  Wil u optree as naamborg (R40 000), sekondêre borg (R20 000)
  of enige ander bedrag bydra?
  Kontak Joleen Joubert (Bemarking) by **joleen@mweb.co.za** / 072 272 6644

Spesiale eredienste en feesnaweke

- **Gemeente Laer Suidkus: Feesnaweek 14-16 Junie**
  40-jaar-viering
  Vrydagaand 14 Junie vanaf 18:00: Sop-en-sjerrie-ete
  In kerksaal te Scottstraat 3, Port Shepstone
  Oudlidmate wat vakansie hou aan die Suidkus van KZN baie welkom
  Geen koste maar donasies is welkom
  Sop en sjerries word voorsien, bring eie ander drinkgoed saam
  Bevestig teenwoordigheid asseblief vooraf
  Saterdag 15 Junie vanaf 12:00: Potjiedag by die MOTH-saal te Sea Park
  Kontantkroeg, plaaslike gaskunstenaar maak musiek
  Rugby op die groot skerm sluit die dag af
  Kaartjies R50 per persoon
  Kontak Jacques Pieterse by 082 458 4482 of **jacquesjean@vodamail.co.za**
  Sondag 16 Junie om 09:30: Dankdiens in die kerkgebou

- **Gemeente Vereeniging: Eeufeesviering 24 tot 25 Augustus**
  Saterdag 24ste: Gesellige bring-en-braai op kerkterrein
  Sondag 25ste: Erediens met Albertonse Mannekoor om 09:00
  Program en gesamentlike middagete
  Gelukwensings kan gestuur word na **pbboshoff@telkomsa.net**

- **Gemeente Otjiwarongo: 75-jaar-viering**
  Vrydag 30 Augustus: Optrede deur opkomende musiekster Lisa Brönner
  Saterdag 31 Augustus: Feesgeleentheid

Stalletjies, gesinsvermaak, potjiekoskompetisie en jaarlikse naggholf
Sondag 1 September: Hoeksteenonthulling en erediens
gelei deur ds Barrie Oberholzer
Vir verdere inligting, inskrywings of borge kontak ds Elritia le Roux
+264 876 3664 of e-pos **propeleroux@gmail.com**

- **Gemeente Goede Hoop (Piet Plessis): 100 jaar**
  Feesnaweek 29 November tot 1 Desember
  Basaar en hoeksteenoprigting (met optrede deur sanger Pieter Smith)
  asook Voorbereiding Saterdag
  en Nagmaal en Danksegging met doop Sondag
  Gedenkalbum deur prof Hennie van der Westhuizen
  Navrae en bestellings aan ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030
  of **arnonieuwhof@gmail.com** of op sy Facebook-blad

Predikanteverjaardae

- **Die volgende predikante verjaar tot 21 Junie, en word hartlik geluk gewens.**

  - Donderdag 13 Junie: Prof Bieks Beukes (emeritus), di Ben Erasmus (emeritus), Kerneels van Niekerk (emeritus) en Koos Viljoen (emeritus)
  - Vrydag 14 Junie: Ds Gert Beukes (emeritus)
  - Saterdag 15 Junie: Dr Rudy Denton (Potchefstroom-Studente)
  - Sondag 16 Junie: Dr Jan Truter (Letsitele)
  - Dinsdag 18 Junie: Dr Elsabé Kloppers (Kerkmusiek) en ds Danie Malan (Johannesburg)
  - Woensdag 19 Junie: Ds Willem de V Sauer (Groot Marico)
  - Donderdag 20 Junie: Dr Annelie Botha (Mafeking)
  - Vrydag 21 Junie: Ds Hennie van der Linde (Vliegepoort)

Beplande vergaderings

- Vrydag 21 Junie: Finkom van die Ondersteuningsraad

Kursusse en toerusting

- **Hervormde Teologiese Kollege (HTK): Openbare lesing**
  Donderdag 8 Augustus om 19:00
  Dr Wim Dreyer: *Die resente kerkgeskiedenis van die NHKA*
  By die Fakulteit Teologie, UP
  Alle lidmate en ampsdraers is welkom om die lesings by te woon
  en aan die gesprek deel te neem

- **Interkerklike trauma-ondersteuningskamp**
  Vir naasbestaandes van slagoffers
  9-11 Augustus by Magaliesberg-kampterrein
  Inisiatief van Elize Perrin, suster van Mauritz Oberholzer
  (Hy is in September 2012 in plaasaanval naby Brits vermoor)
  Hooffasiliteerder: Ds Pieter Oberholzer, Weermagkapelaan
  en predikant van NG Kerk Groenkloof
  Koste: R550 per persoon (akkommodasie, etes en konferensiefasiliteite)
  Bespreek by Elize by 072 600 5809 of
  deoudepastorie.victoriawest@gmail.com
  Navrae oor inhoud van program aan Pieter by 082 332 5782 of
  pieterjanob@gmail.com

Beskikbare behuising

- **Gemeente Philadelphia** het **akkommodasie** beskikbaar vir ’n **student**. Dit bestaan uit ’n privaatkamer met gemeenskaplike ablusie en kombuis. Dit is binne stapafstand van die Universiteit en daar is veilige parkering. Die koste is R2 860 per maand, wat skoonmaakdienste een maal per week insluit. Kontak Elize Fourie by 012 362 7237 tussen 08:30 en 12:30 op weeksdae, of dr Sanrie de Beer by 083 226 1866, of stuur ’n e-pos na **philadelphia@nhk.co.za**.

- **Piet Potgieter Monumenttehuis in Mokopane (Potgietersrus)**
  Die volgende akkommodasie is tans by die Dienshuise beskikbaar:
  2 groot luukse kamers: R4 500 elk
  Kleiner kamer met stort: R3 000
  Klein kamer sonder badgeriewe: R2 250
  Ontbyt en middagete ingesluit
  Geskik vir selfversorgende bejaardes, wat self hul kamer en wasgoed moet doen
  Rustige, plattelandse dorp ideaal vir aftrede
  Kontak bestuurder mev Mariana van Tonder by 015 491 6314

- **Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis-woonstelle in Parys**
  Daar is tans die volgende behuising vir senior burgers beskikbaar:
  2 x enkelkamer met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week
  1 x lieflike enkelkamer met eie kombuis, stoep en tuin,
  met 3 etes, wasgoed en skoonmaak van kamer 1 x per week
  R5 800 per maand
  Kontak matrone Botha by 056 811 2185 vir meer besonderhede

Kampe en toere

- **Toer saam na Israel en Egipte: 28 November tot 7 Desember 2013**
  Beleef God in die voetspore van Jesus
  Toerleiers: Ds Fanie Beukes en dr Francois Carr
  Vir meer inligting, kontak ds Beukes by 073 167 1183
  of per e-pos by **faniebeukes@yahoo.com**

- ***Konteks*-leserstoer na Turkye: NUWE DATUM!**
  1 tot 17 Mei 2014
  15 dae op die voetspore van Paulus, Johannes en die eerste Christene
  Toerleier: Prof Ernest van Eck
  Plek vir slegs 30 – bespreek betyds!
  Kontak prof Van Eck by 012 420 3804 / 082 413 2332 /
  ernest.vaneck@up.ac.za
  of Louise Geyser (reisagent) by 012 361 0579 / 082 560 4279 /
  louise.geyser@absamail.co.za

Kompetisies en fondsinsamelings

- **Gemeente Laer Suidkus: Jaarlikse *Prawn*-fees**
  Vrydag 5 Julie vanaf 18:30
  In saal van Hoërskool Suid-Natal
  Driegangmaal met eet-soveel-*prawns*-as-jy-wil as hoofgereg
  R150 per persoon
  Ete met hoender as hoofgereg teen R75 per persoon ook beskikbaar
  Besprekings is belangrik, want kaartjies verkoop vining
  Kontak Jacques Pieterse by 082 458 4482 of **jacquesjean@vodamail.co.za**

- **Gemeente Witfield: Boog- en geweerjagkompetisie**
  Kaartjies: R100 donasie
  1ste prys: Koedoebul, sebra, blouwildebees, 2 rooibokke, 2 blesbokke

plus 5 dae en 4 nagte verblyf
2de prys: Blouwildebees, sebra, rooibok, blesbok
plus 4 dae en 3 nagte verblyf
3de prys: Blouwildebees, rooibok, blesbok
plus 3 dae en 2 nagte verblyf
Geborg deur Nyalarus-wildplaas tussen Groblersdal en Marble Hall
Plaas se professionele jagter kan gebruik word
Kontak Adri Nel by 084 200 1027
of Chaan Bezuidenhout by 082 853 5895
Sluitingsdatum 31 Augustus, trekking 1 September 2013

- **Gemeentes Hartbeesfontein en Gerdau: Fondsinsameling 1000 Wen-'n-boerdery en Noag-se-ark-skildery**
  Geleentheid om R50 000 in te samel
  Pakket van 50 kompetisieboekies met 11 kaartjies in elke boekie
  Betaal R5 000 vir pakket van R55 000
  50 pryse te wen, in totaal meer as R100 000 werd
  Wen plaasdiere, bokke, varke, duiwe en vele meer!
  Trekking in Oktober 2013
  Kontak Barry of Marthie Pretorius van Hartbeesfontein
  by 018 431 0331, faks 086 550 1874 of **barrypret@lantic.net**
  Verdere navrae aan ds Petrus Harmzen by 082 777 4253

Basaars en markte

- **Saterdag 26 Oktober: Gemeente Kempton Park-Oos**
  KPO Lekker Kuier Kontreifees
  Uitstallers en kosstalletjies
  Gaskunstenaar Die Flooze (Sorina)
  Toegang R20 per persoon
  Kom geniet 'n heerlike dag
  Kontak Anneline by 082 924 7344 of Marius by 072 778 1033

ANDER NUUS

- **Vakature: Assistentverpleegster**
  By Andries-Marié Oosthuizen Monumenttehuis in Parys, Vrystaat
  Tehuis vir verswakte en selfversorgende bejaardes
  Pligte: Algemene versorging van inwoners, bedwas
  en kliniekdienste soos die neem van bloeddruk
  Vereistes: Goeie interpersoonlike en kommunikasievaardighede
  Vorige ervaring in veld van verpleging van bejaardes sal sterk aanbeveling wees
  Moet geregistreer wees by die Verpleegstersraad
  Normale diensvoorwaardes
  Stuur CV aan mev A Botha, faks 056 817 7525 of e-pos **hf@otmt.org**

- **450 jaar Heidelbergse Kategismus**
  Gesprek oor die Kategismus tot versterking van geloof
  Datum: Maandag 17 Junie
  Plek: Gereformeerde Kerk Bellville, Broadwaystraat 6, Vredelust, Bellville
  Tyd: 17:00 tot 21:30 (aandete en verversings)
  Toegang: Deurkollekte; ete moet vooraf bespreek word @ R25
  Sprekers: Dr Victor E. d'Assonville, dr Lourens Erasmus,
  dr Gerard Meijer, ds Erik van Alten
  Gespreksleier: Ds Coen Vrey
  Vir bespreking van ete: 021 911 5419 of **cca.vrey@telkomsa.net**
  Vir algemene navrae: 012 332 1196 of **gerardjmeijer@gmail.com**

Advertensies in die *e-Hervormer*

Advertensies waarvan 'n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin 'n gemeente 'n projek prominent wil bekendstel, kan in die *e-Hervormer* geplaas word. Dit bestaan hoofsaaklik uit **teks van ongeveer 110 woorde** (u kan eenvoudige grafika of 'n foto voorsien), maar **daar sal nie onderhandel word oor die uitleg** daarvan nie. Indien 'n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, moet dit **verkieslik nie groter as 'n standaard besigheidskaartjie** wees nie.

Die advertensie moet saam met die bewys van betaling gestuur word aan mev Tessa Oppermann, per faks na 086 633 4059, of per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder dié bewys nie. Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Dinsdag voor die betrokke uitgawe se verskyning. Die *e-Hervormer* word Woensdae saamgestel en verskyn elke Donderdag. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings. **Die koste is R150 per plasing (BTW ingesluit)**.

Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, v**erwysing: u naam + e-Hervormer Ads.**

AGTERBLAD

Heidelbergse Kategismus 450 jaar

Catechiſmus
Oder
Chriſtlicher Vnderricht/
wie der in Kirchen vnd Schulen der Churfürſtlichen
Pfaltz getrieben
wirdt.
Gedruckt in der Churfürſtlichen Stad Heydelberg/ durch
Johannem Mayer.
1563.

Deur die loop van 2013 herdenk Protestantse kerke die 450ste bestaansjaar van die Heidelbergse Kategismus (HK).

Die Tussenkerklike Raad (TKR) het besluit om in 2013 'n wetenskaplike publikasie oor die Kategismus te publiseer. Outeurs wat aan dié publikasie meewerk, is gevra om populêre weergawes van hul artikels in *Konteks* te publiseer. Die ekumeniese karakter van hierdie reeks in *Konteks* is in lyn met die aanvanklike bedoeling met die Kategismus.

Die reeks in *Konteks* word onder leiding van prof Natie van Wyk saamgestel. Hy was ook verantwoordelik vir die eerste artikel in die reeks, in die Januarie/Februarie-uitgawe van 2013. In die Maart-uitgawe het prof Wim Verboom, vroeër hoogleraar aan die Universiteit van Leiden in Nederland, se artikel verskyn. Die April-aflewering was deur dr Kobus Labuschagne, die Mei-aflewering deur ds Erik van Alten van die Vrye Gereformeerde Kerk Pretoria-Maranata, die Junie-aflewering deur prof Dolf Britz, direkteur van die Jonathan Edwards Sentrum Afrika aan die Universiteit van die Vrystaat, en die Julie-aflewering deur prof Callie Coetzee van die Noordwes-Universiteit (Potchefstroom-kampus) se Fakulteit Teologie.

Die reeks gaan voort tot by die November/Desember-uitgawe waarin prof Natie van Wyk dit met 'n samevattende slotbydrae sal afsluit.

Dr Christo Pretorius het twee verdere artikels oor die 450-jaar-viering van die HK geskryf, naamlik in *Die Hervormer* van Januarie/Februarie 2013 en in sy rubriek *Van ver af…* in *Konteks* van Mei 2013.

Kontak mev Susann van Zyl om individuele eksemplare van die publikasies te bestel – *Konteks* teen R18 en *Die Hervormer* teen R12 elk (posgeld in albei gevalle uitgesluit). Bestel by 012 322 8885 x291, faks 086 633 4054 of e-pos sentik@nhk.co.za.

Redakteur: Dr André Ungerer
Subredakteur: Ds Etienne Fourie
Kerknuus: Dr Wouter van Wyk
Teksversorger: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mej Izelle Marx
Advertensie-ontwerper: Mev Francis Nel